JUNIE 2019 **LAERSKOOL HERBERT HURD**
GRAAD 5 **AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL** **PUNTE: 40**

- **Lees versigtig deur die instruksies.**
- **Werk asseblief netjies.**
- **Trek 'n lyn na elke afdeling.**
- **Beantwoord al die vrae.**

1. **Begripslees. Lees die storie oor Leeu en Kriek versigtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

Woordeboek:
kriek *– cricket;* ***nikswerd*** *– useless;* ***dapper*** *– brave;* ***daag*** *– challenge;* ***oorlog*** *– war;* ***perdeby*** *– wasp;* ***leër*** *– army;* ***heuwel*** *– hill;* ***soldate*** *– soldiers;* ***veg*** *– fight;* ***vooruit*** *– ahead;* ***aanmoedig*** *– encourage;* ***skop*** *– kick;* ***stof*** *– dust;* ***verdrink*** *– drown;* ***oorgee*** *– surrender;* ***dapper*** *- brave*

Leeu en Kriek

Leeu sê eendag vir Kriek dat hy klein en nikswerd is. Kriek sê dat dit waar is dat hy klein is, maar hy is dapper en hy daag Leeu uit om teen hom oorlog te maak. Leeu lag baie lekker.

Leeu maak al die groot diere bymekaar om Kriek 'n les te leer. Kriek kry al die klein diere, die muskiete, bye, perdebye en miere, bymekaar. Hulle wag Leeu se leër by die rivier in.

Die groot diere en hul leier is gereed op die heuwel. Leeu stuur Donkie om te hoor of Kriek reg is. Hy wil weet waar Kriek se soldate is en lag lekker vir Kriek.

Kriek roep Perdeby en hy steek vir Donkie op sy neus. Donkie hardloop na Leeu terug en sê dat hy glad nie meer wil veg nie. Leeu stuur die ander diere vooruit, terwyl hy en Donkie agterna kom. Kriek se soldate storm die diere en steek en byt hulle terwyl die muskiete hulle aanmoedig.

Die groot diere prober wegkom en skop baie stof op. Hulle storm in die rivier in en sien kans om eerder te verdrink as om verder teen Kriek en sy soldate te veg. Kriek stuur 'n paar soldate om Leeu en Donkie ook by te kom. Die twee storm die water in. Sodra een se neus bo die water uitkom, kry Kriek se soldate hom. Leeu hoes en skree vir Leeu dat hy oorgee.

Kriek roep die soldate terug en Leeu sê dat Kriek en sy soldate dapper is, al is hulle klein, hulle is glad nie nikswerd nie. Hulle het die oorlog gewen.

1. Beantwoord die vrae in goeie, volsinne:

1.1 Waarom het Leeu en Kriek oorlog gemaak?

1.2 Watter diere was in Leeu se leër?

1.3 Watter insekte was in Kriek se span (4)?

1.4 Wie het Kriek se span aangemoedig?

1.5 Wie het die oorlog gewen?

1.6 Wie is die twee hoofkarakters in die fabel? **(10)**

2. Is die volgende stellings waar of onwaar. Gee 'n rede vir jou antwoord as dit onwaar is.

2.1 Die by het vir Donkie op die neus gesteek.
2.2 Die klein diere het die oorlog gewen. **(2)**

3. Soek een woord in die stuk wat dieselfde beteken as die volgende. Skryf net die woord.

3.1 Om baie braaf te wees.
3.2 Die teenoorgestelde van groot **(2)**

4. <u>Taalstudie: Punktuasie:</u> Vul die korrekte punte, komma, vraagtekens of uitroeptekens in die volgende sin.

4.1 dink jy dat leeu sterker is as kriek ½ x 4 = **(2)**

5. <u>Meervoude</u>: Skryf die volgende sinne oor en verander die onderstreepte woorde met 'n meervoud.

5.1 Die leeu het vier **<u>been</u>**.
5.2 Een **<u>duif</u>**, maar baie ...
5.3 Die muskiet het twee **<u>vlerk</u>**. **(3)**

6. <u>Bevelsin</u>: Skryf 'n bevelsin wat die werkwoord <u>sit</u> bevat. **(1)**

7. <u>Voornaamwoorde:</u> Skryf die sinne oor en vul die korrekte voornaamwoorde in.

7.1 Matthew en Zac speel met ... klein hondjies.
7.2 Mnr Noble eet ... toebroodjie.
7.3 Mev Snyman sê ... sien uit na ... vakansie.
7.4 Sy het 'n nuwe rok. Die rok is ... **(5)**

8. <u>Indirekte Rede:</u> Skryf nou die sin in die indirekte rede oor.

8.1 "Julle het gewen," sê Leeu. *Begin met: Leeu sê* **(2)**

9. <u>Voorsetsels:</u> Kyk na die prent en kies die korrekte voorsetsels. Skryf die sin uit. (uit, by, vir, met, aan, op, vir, in).



9.1 Die krokodil staan ... die gras.
9.2 Die apie klim... die boom.
9.3 Daar kom rook ... die vulkaan (*volcano*).
9.4 Ek wil nou ... vakansie gaan. **(4)**

10. Voegwoorde: Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies.
10.1 Kriek is klein. Hy is dapper. (maar)
10.2 Leeu is groot. Hy is nie bang nie. (en) **(2)**

11. <u>Verkleinwoorde</u>: Skryf die verkleinwoord van die volgende:
11.1 'n Groot dier, maar 'n klein ...
11.2 'n Groot muskiet, maar 'n klein
11.3 'n Groot boom, maar 'n klein ... **(3)**

12. <u>Verlede Tyd:</u> Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.
12.1 Die groot diere is gereed op die heuwel.
12.2 Leeu hoes.
12.3 Kriek roep die soldate. **(3)**

13. Kies die korrekte betekenis van die <u>idioom</u>. Skryf die sin neer.
As die kat weg is, is die muis baas.

- Dit is 'n moeilike saak wat die kat en muis versigtig moet aanpas.
- Die muis het feitlik geen kans nie.
- As die baas weg is, maak sy werkers nes hulle wil. **(1)**